

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

30c

Monday 6 November 1989

WINDHOEK

Maandag 6 November 1989

No. 5855

CONTENTS:

INHOUD:

Page

Bladsy

GENERAL NOTICE

ALGEMENE KENNISGEWING

No. AG. 184 Agreement on certain aspects of the implementation of provisions of the Constituent Assembly Proclamation, 1989 1

No. AG. 184 Ooreenkoms oor sekere aangeleenthede met betrekking tot die uitvoering van bepalings van die Proklamasie op die Grondwetgewende Vergadering, 1989 . 1

General Notice

Algemene Kennisgewing

No. 184 1989

No. 184 1989

AGREEMENT ON CERTAIN ASPECTS OF THE IMPLEMENTATION OF PROVISIONS OF THE CONSTITUENT ASSEMBLY PROCLAMATION, 1989

OOREENKOMS OOR SEKERE AANGELEENTHEDE MET BETREKKING TOT DIE UITVOERING VAN BEPALINGS VAN DIE PROKLAMASIE OP DIE GRONDWETGEWENDE VERGADERING, 1989

It is hereby made known for general notification that the Administrator-General and the Special Representative appointed by the Secretary-General of the United Nations have agreed on certain aspects of the implementation of the provisions of the Constituent Assembly Proclamation, 1989 (Proclamation AG. 62 of 1989), as set out in the letters exchanged between the said Special Representative and the Administrator-General and contained in Schedules A and B, respectively.

Dit word hierby vir algemene kennis bekend maak dat die Administrateur-generaal en die Spesiale Verteenwoordiger aangewys deur die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies oor sekere aangeleenthede met betrekking tot die uitvoering van die bepalings van die Proklamasie op die Grondwetgewende Vergadering, 1989 (Proklamasie AG. 62 van 1989), ooreengekom het soos uiteengesit in die briewe verwissel tussen genoemde Spesiale Verteenwoordiger en die Administrateur-generaal en, onderskeidelik, in Bylaes A en B vervat.

UNTAG

N A M I B I A

Dear Mr. Administrator-General,

3 November 1989

In connection with the impending promulgation of the Constituent Assembly Proclamation, 1989, I would like to state the following:

1. In accordance with the relevant decisions of the Security Council, in particular resolutions 431 (1978) of 27 July 1978, 435 (1978) of 29 September 1978, 629 (1989) of 16 January 1989, 632 (1989) of 16 February 1989, 640 (1989) of 29 August 1989 and 643 (1989) of 31 October 1989, free elections will be held for the whole of Namibia as one political entity to enable the people of Namibia to freely and fairly determine their own future by selecting a Constituent Assembly to formulate and adopt a constitution for an independent Namibia.
2. If at any time during the functioning of the Constituent Assembly, the Special Representative is not satisfied that the Assembly is in a position to freely and expeditiously accomplish its tasks, he shall promptly so inform the Administrator-General and will make any comments and proposals in this regard that he considers necessary.
3. In accordance with his mandate to ensure the orderly transition of Namibia to independence under the United Nations Plan, the Special Representative will follow the work of the Constituent Assembly and will address to the Chairman of the Assembly such observations on its procedures and work as seem appropriate to him. In particular he will communicate formally to the Chairman the Principles concerning the Constituent Assembly and the Constitution for an Independent

Mr. Louis Pienaar
The Administrator-General of Namibia
Tintenpalast
Windhoek 9000
Namibia



United Nations Transition Assistance Group in Namibia

3 November 1989

Geagte meneer die Administrateur-generaal

In verband met die aanstaande afkondiging van die Proklamasie op die Grondwetgewende Vergadering, 1989, wil ek graag die volgende verklaar:

1. In ooreenstemming met tersaaklike besluite van die Veiligheidsraad, in die besonder resolusies 431 (1978) van 27 Julie 1978, 435 (1978) van 29 September 1978, 629 (1989) van 16 Januarie 1989, 632 (1989) van 16 Februarie 1989, 640 (1989) van 29 Augustus 1989 en 643 (1989) van 31 Oktober 1989, gaan vrye verkiesings vir die hele Namibië as een politieke entiteit gehou word, om die mense van Namibië in staat te stel om op vrye en regverdige wyse oor hul eie toekoms te besluit deur 'n Grondwetgewende Vergadering te kies om 'n grondwet vir 'n onafhanklike Namibië op te stel en te aanvaar.

2. Indien die Spesiale Verteenwoordiger op enige tydstip gedurende die funksionering van die Grondwetgewende Vergadering nie tevrede is dat die Vergadering in staat is om sy opdragte vryelik en flink uit te voer nie, sal hy die Administrateur-generaal onverwyld daarvan verwittig, en in hierdie verband enige kommentaar lewer en voorstelle maak wat hy nodig ag.

3. Ooreenkomstig sy mandaat om die ordelike oorgang van Namibië tot onafhanklikheid kragtens die Verenigde Volke-plan te verseker, sal die Spesiale Verteenwoordiger die werk van die Grondwetgewende Vergadering volg en aan die Voorsitter van die Vergadering sodanige waarnemings aangaande sy prosedures en werk rig as wat hy gepas ag. In die besonder sal hy die Beginsels rakende die Grondwetgewende Vergadering en die Grondwet vir 'n Onafhanklike Namibië, wat deur alle betrokke partye in 1982 (S/15287) aanvaar is, formeel aan die Voorsitter bekend maak; hierdie Beginsels, benewens ander tekste, is aan die Sekretaris-generaal oorhandig soos deur die partye ooreengekom; die Sekretaris-generaal het in sy verslag van 23 Januarie 1989 aan die Veiligheidsraad (S/20142) daarna verwys, en verklaar dat "hierdie ooreenkomste en verstandhoudings bindend op die partye bly"; die Veiligheidsraad het daardie verslag deur beslissende paragraaf 1 van

Namibia which were accepted by all the parties concerned in 1982 (S/15287); these Principles, among other texts, were presented to the Secretary-General as agreed to by the parties; the Secretary-General referred to them in his report to the Security Council of 23 January 1989 (S/20142) and stated that "these agreements and understandings remain binding on the parties"; the Security Council approved that report by operative paragraph 1 of resolution 632 (1989). The Special Representative will keep the Secretary-General fully informed on the procedures and work of the Constituent Assembly, with special reference to the incorporation of the Principles referred to above in the draft constitution which is being prepared for adoption by the Constituent Assembly. The Secretary-General, for his part, will keep the Security Council informed so that the Council may take such action as it deems appropriate.

I would appreciate receiving express confirmation of your acceptance of the proposals in this letter. Upon receipt of that confirmation, I will not raise objection to the promulgation of the Constituent Assembly Proclamation, 1989.

Yours sincerely,



Martti Ahtisaari
Special Representative of the
Secretary General
for Namibia

resolusie 632 (1989) goedgekeur. Die Spesiale Verteenwoordiger sal die Sekretaris-generaal ten volle op die hoogte hou van die prosedures en werk van die Grondwetgewende Vergadering, met spesiale verwysing na inlywing van die Beginsels waarna hierbo verwys word, in die konsep-grondwet wat vir aanvaarding deur die Grondwetgewende Vergadering voorberei word. Op sy beurt sal die Sekretaris-generaal die Veiligheidsraad op die hoogte hou sodat laasgenoemde sodanige stappe kan doen as wat hy gepas ag.

Ek sal dit op prys stel as ek van u uitdruklike bevestiging ontvang dat u die voorstelle in hierdie brief aanvaar. Na ontvangs van sodanige bevestiging sal ek geen beswaar teen die amptelike afkondiging van die Proklamasie op die Grondwetgewende Vergadering, 1989, opper nie.

Die uwe
Martti Ahtisaari (geteken)
Spesiale Verteenwoordiger van
die Sekretaris-generaal vir
Namibië

KANTOOR VAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL
OFFICE OF THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Verw. / Ref. No.
Tel. No. 3-6630
Teleks No. / Telex No. 50-908-3222

Privaatsak / Private Bag 13278
WINDHOEK
9000


3 November 1989

Dear Mr Ahtisaari

I acknowledge the receipt of your letter of 3 November 1989 in connection with the impending promulgation of the Constituent Assembly Proclamation 1989.

I confirm that I have no objection to its contents. My acceptance thereof is without prejudice to and does not detract from my own responsibilities to ensure the orderly transition of South West Africa/Namibia to independence in accordance with the provisions of the Proclamation and Security Council Resolution 435 as amplified, especially, by Security Council Resolution 632.

Yours sincerely



L A PIENAAR
ADMINISTRATOR-GENERAL

Mr M Ahtisaari
Special Representative of the
Secretary General for Namibia,
Troskie Building
Windhoek

3 November 1989

Geagte mnr. Ahtisaari

Ek erken ontvangs van u skrywe van 3 November 1989, rakende die aanstaande afkondiging van die Proklamasie op die Grondwetgewende Vergadering, 1989.

Ek bevestig dat ek geen beswaar het teen die inhoud daarvan nie. My aanvaarding daarvan is sonder benadeling van of afbreuk aan my eie verantwoordelikheid om die ordelike oorgang van Suidwes-Afrika/Namibië tot onafhanklikheid ingevolge die bepalings van die Proklamasie en Veiligheidsraadsresolusie 435, soos uitgebrei deur veral Veiligheidsraadsresolusie 632, te verseker.

Die uwe

L.A. Pienaar (geteken)
L.A. PIENAAR
ADMINISTRATEUR-GENERAAL

Mnr. M. Ahtisaari
Spesiale Verteenwoordiger van die
Sekretaris-generaal vir Namibië
Troskie-gebou
Windhoek

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika